



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

## NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 14 OKTOBER 2019 OM 15:00

---

### TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

#### Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl O M Stemele  
Rdh R F van der Westhuizen  
Rdd M van Zyl

#### Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

### 1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

### 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl P E Solomons en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

### 3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBURTE

Geen

### 4. NOTULES

#### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 SEPTEMBER 2019

#### BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 September 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

### 5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

#### 5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 OKTOBER 2019

*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

##### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

## 5.1.1/...

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

**5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE**

**BESLUIT** dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**7. NUWE SAKE****7.1 FINALE BETALING VIR DIE 2017/2018 OUDIT VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL (5/15/1/2)**

Die aanstellingsbrief (*engagement letter*) van die Ouditeur-Generaal (OG) en gepaardgaande auditstrategie is bespreek tydens die eerste OG-bestuurskomiteevergadering en bevat die terme van die oudit, verantwoordelikhede, fokusareas van die oudit en betrokke kostes van die oudit.

'n Ooreenkoms is met die OG bereik om nie die ouditkoste met meer as 7% te oorskry nie gebaseer op die ekstra tyd wat benodig was vir die oudit van grootmaat water-infrastruktuur en mSCOA-aspekte. Daar is verder ooreengekom (1) dat die Municipale Bestuurder by elke OG-bestuurskomiteevergadering ingelig sal word aangaande enige oorspanderings en (2) dat vooraf goedkeuring vanaf die Municipale Bestuurder bekom moet word vir enige oorspanderings met aanvaarbare redes daarvoor.

Die buitensporige oorspanderings deur die OG het eers tydens die tweede laaste OG-bestuurskomiteevergadering op 7 November 2019 aan te lig gekom.

**BESLUIT**

- (a) Dat, met inagneming van die tyd wat alreeds spandeer is om 'n ooreenkoms te bereik vir die betaling van die oorspandering van die begroting vir die Ouditeur-Generaal se oudit van 2017/2018, daar steeds nie tot 'n vergelyk kom kom nie;
- (b) Om die spandering van verdere onnodige en onproduktiewe ure deur sowel die Municipaliteit as die Ouditeur-Generaal te verhoed, die uitstaande koste van R497 993.59 (BTW ingesluit) vir die 2017/2018 finansiële jaar gefinaliseer word deur die helfte van die bedrag waarmee die goedgekeurde begroting oorskry is te betaal, naamlik R248 996.79 (BTW ingesluit);
- (c) Dat daar met kommer kennis geneem word van die Ouditeur-Generaal se teenstrydige verduidelikings vir die oorspandering soos in die notule vervat van die vergadering gehou op 18 September 2019;
- (d)/...

## 7.1/...

- (d) Dat die betaling van die R248 996.79 (BTW ingesluit) oorweeg en goedgekeur word en teen posnommer 20-16-27-00-0102 verreken word, onderhewig daaraan dat die basiswaarde van die 2017/2018 finansiële jaar (R2 659 168.00) gebruik moet word vir die begroting van die 2018/2019 finansiële jaar se audit, met ingebrip van die VPI (verbruikersprysindeks) aanpassing van die voorafgaande jaar – @ 5% bereken is die bedrag R2 792 126.00 (BTW ingesluit);
- (e) Dat die addisionele uitgawe van R248 996.79 (BTW ingesluit) na die 2020 aansuiweringsbegroting verwys word.

**7.2 KOMMUNIKASIE VAN OUDITBEVINDING 2019: KAPITALE VERPLIGTINGE INGEVOLGE REKENKUNDIGE BELEID (5/15/1/2)**

Die Kantoor van die Ouditeur-Generaal het uitgewys dat die bekendmaking van kapitale verpligtinge in nota No 48 in die Jaarlikse Finansiële State teenstrydig is met die Rekenkundige Beleid van die Munisipaliteit.

Alhoewel die Rekenkundige Beleid strenger vereistes bevat as dié soos voorgeskryf deur GRAP, word vereis dat daar aan die GRAP-beginsels voldoen moet word.

Paragraaf 1.25 (tweede bullet) lees tans as volg:

“Approved but not yet contracted commitments, where the expenditure has been approved and the contract has not yet been awarded or is awaiting finalisation at the reporting date;”

**BESLUIT**

Dat die tweede bullet van paragraaf 1.25 van die Rekenkundige Beleid soos vervat in die Finansiële State verwyder word.

**7.3 VERSLAGDOENING I.T.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE EIENDOMSBELASTING VRYSTELLINGS, AFSLAG EN ‘REVENUE FORGONE’ (5/3/1/3)**

Ingevolge artikel 15(3) van Municipale Eiendomsbelastingswet, 2004 (Wet 6 van 2004) is die Municipale Bestuurder verplig om jaarliks verslag te doen aan die Raad rakende alle belasting- vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die belastingvrystellings, aftrekkings, afslag en “revenue forgone”, soos vermeld in Aanhangsel A, wat ingevolge artikel 15(3) van die Wet op Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) gedurende die 2018/2019 finansiële jaar toegestaan is.

**7.4 AANSTELLING VAN PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEELEDE (11/1/3/1/7)**

Munisipaliteite word ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) verplig om 'n ouditkomitee aan te stel wat as onafhanklike adviserende liggaam dien.

Verder word daar ingevolge MFMA Omsendbrief 65 aanbeveel dat lede van die ouditkomitee op 'n gereelde basis roteer ten einde die onafhanklikheid van die ouditkomitee te verseker.

**BESLUIT** (vir aanbeveling aan die Raad op 31 Oktober 2019)

(a)/...

## 7.4/...

- (a) Dat, met inagneming van die samestelling van die bestaande komitee ten opsigte van vaardighede, mnr G N Lawrence met ingang van 1 November 2019 op die Prestasie- en Risiko Ouditkomitee vir drie (3) jaar aangestel word. Dat goedkeuring verleen word dat die aanstelling ooreenkomstig die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 Junie 2019 gedoen word;
- (b) Dat die aanstelling van me M Roos en mnr C B de Jager as lede van die Prestasie- Ouditkomitee onderskeidelik verleng word vanaf 1 Januarie 2020 tot 31 Augustus 2020 en 31 Desember 2020 soos voorgeskryf in artikel 14(2)(a) van Plaaslike Regering: Municipale Beplanning en Prestasiebestuursregulasies van 24 Augustus 2001;
- (c) Dat verdere goedkeuring verleen word dat mnr G N Lawrence ook op die Prestasie- Ouditkomitee aangestel word en daarop sal dien vir die periode 1 November 2019 tot 31 Desember 2020.

**7.5 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2019 TOT 30 SEPTEMBER 2019 (8/1/B/2)**

Verslagdoening insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Municipale Voorsieningskanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 September 2019 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 September 2019, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevvolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Bylae D).

**7.6 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP WYSIGING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIK-BEPLANNING (1/1)**

Die konsep Swartland Munisipaliteit: Verordening op Municipale Grondgebruikbeplanning het op 17 Julie 2019 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien vir aanbeveling aan die Raad op 25 Julie 2019.

Die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014), beter bekend as LUPA, bepaal ingevolge artikel 13(2) dat die Minister binne 'n tydperk van 60 dae kommentaar op die konsep skemaregulasies (ingesluit by die verordening) moet lewer. Daar kan egter ingevolge artikel 13(3) uitstel versoek word op instemming van die munisipaliteit.

**BESLUIT**

- (a) Dat daar kennis geneem word dat uitstel verleen is aan die Provinciale Departement van Ontwikkelingsbeplanning om hulle kommentaar op die konsep Verordening insake Municipale Grondgebruikbeplanning teen 16 Oktober 2019, in plaas van 2 Oktober, te lewer;

## 7.6/...

- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat die Provinciale Departement se kommentaar belangrik geag word, en dat voormalde uitstel veroorsaak dat die Departement van Ontwikkelingsdienste nie die verordening in Oktober aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad sal kan voorlê soos oorspronklik beplan is nie;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat die verordening op 'n latere stadium voorgelê word.

**7.7 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: KONSEP VERORDENING INSAKE VERFILMING (1/1)**

Die konsep Verordening insake Verfilming het op 17 Julie 2019 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien vir aanbeveling aan die Raad op 25 Julie 2019.

Tydens die publiek deelname proses is weinige kommentaar ontvang, en is dit goedgedink om die konsep verordening aan die "verfilmingsindustrie" te stuur vir insette.

**BESLUIT**

- (a) Dat daar kennis geneem word dat weens die beperkte kommentaar wat ontvang is tydens die publieke deelname proses vanaf 2 Augustus tot 2 September 2019, die "verfilmingsindustrie" ook versoek is om kommentaar te lewer, welke kommentaar eers op 9 Oktober 2019 ontvang is;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die akkommodering van die kommentaar meebring dat die verordening nie in Oktober ter tafel gelê kan word nie en dat latere voorlegging dienooreenkomstig goedgekeur word.

**7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2019**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir September 2019.

**7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: SEPTEMBER 2019 (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT** dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.10 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE, 2018/2019 FINANSIELLE JAAR: VERSKEIE VERSLAE (9/1/3/2/1)**

Die betrokke verslae van die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê ingevolge die bepalings van die Raad se Diensvlakoorenkoms met die organisasie vir die uitvoering van die bepaalde toerisme funksie.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van

- (a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
- (b) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019; en
- (c) die inhoud van die finansiële state vir die 2018/2019 finansiële jaar.